ADVERTENSIE

VGK GEORGE GEMEENTE

VAKATURE: VOLTYDSE LERAAR

Die kerkraad van die Verenigende Gereformeerde Kerk George stel hiermee in biddende afhanklikheid van die Here, bogenoemde vakature bekend:

GEMEENTE ROEPING

Die Here stuur ons na alle families om hulle te omarm met die liefde van Christus wat heling en eenheid bring.

GEMEENTE PROFIEL:

VGK George gemeente is 'n deel van die Gestuurde Gemeente Proses.

Die gemeente bestaan uit ongeveer 1 240 belydende lidmate en 700 dooplidmate. Binne die grense van die gemeente is 'n Seniorburger Tehuis en Wooneenhede vir Senior burgers, 'n Sentrum vir mishandelde vroue, Kinderhuis en 'n Hospice vir siekes. Op die kerkgronde is 'n bewaarskool vir kleuters wat 'n program van Badisa is. Gemiddelde ouderdom van gemeente is 45 jaar.

Daar is tans 'n groeiende toename van Engelssprekende gesinne in die gemeente.

Daar is geen buitewyke om te bedien nie.

LERAARSPROFIEL:

- Leraars met 'n roepingsbewuste, dinamiese, energieke bedieningstyl, met goeie / gesonde menseverhoudinge. Moet beskik oor ervaring van gemeente prosesse en wat geroepe voel vir die taak, kan aansoek doen.

VEREISTES:

- Goeie vaardighede in ontwikkeling van families / gemeente
- Goeie kommunikasie, rekenaar – netwerk vaardighede.
- Meertalig en moet dienste in alternatiewelik in Afrikaans en Engels kan aanbied.
- 3 de Sondag: Engelse diens.
- Iemand met 'n definitiewe passie vir bemagtiging en skoling van gemeentelede.
- Iemand wat lidmate se gawes en talente identifiseer en help ontwikkel.
- Vermoë om met 'n passie die verskillende ouderdomsgroepe te kan bedien.
- Ontvanklik wees om deel te vorm van vernuwende bestuursprosesse.

PLIGTE:
Soos in Bep 22 Streeksinode Kaapland omskryf.
Datum van diensaanvaarding is onderhandelbaar.

AANBIEDING / VOORDELE:

- Salaris volgens Emolumente soos deur Streeksinode Kaapland bepaal sien Bep. 24.3.
- Verlof volgens Bep. 24.4 van Streeksinode Kaapland.
- Gratis woning, elektrisiteit, water en telefoon vir werksdoeleindes.
- Pensioen bydrae volgens salaris kerf.
- 50% van koste van mediesefonds van leraar se keuse.
- Internet konneksie is onderhandelbaar.

Aansoeke sluit op Vrydag 24ste Mei 2019 om 17:00

Skriftelike aansoeke moet gestuur word aan: Die Skriba,VGK George, Posbus 4071 ,George –Oos 6539 en / elektroniese aansoeke aan urcgeorge@telkomsa.net

Stuur volledige CV met twee referente se besonderhede asook 'n aansoekbrief waarin u ook meld hoe u die Missionale en Gestuurde gemeente gaan begelei om die roeping van die gemeente te ontwikkel om 'n na buite – gerigte gemeente te wees.

Aansoekers wat vir onderhoude genooi word, woon onderhoude op eie onkoste by.

Navrae en verdere inligting is beskikbaar by die Kerkkantoor.
044 875 8640 (kantoor ure) 08:00 tot 16:00
L.B.C.Esau - 082 962 9116 / 044 871 2189
H.J.Muller – 083 324 2782 / 044 871 1920